LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 15 / 2017
16 MEI 2017

Geagte ouers en personeel,
Gelukkige moedersdag aan al ons mammas van die skool. Ons hoop elke mamma het ‘n baie spesiale daggie gehad.



AKADEMIE
ATKV SPELATHON
Die ATKV spelathon het verlede week plaasgevind. Die beste spellers uit die streek het teen mekaaar meegeding.

Ons is trots op Tanziné Vlok wat ‘n 7de plek behaal het.

WOW SPELFEES: UITDUNNE IN KLASSE
Die uitdunne om die 15 beste spellers in die graad te bepaal, is die week. Uitdunne gaan in die klasse plaasvind deurdat almal eers ‘n skriftelike toetsie skryf. Die uitslae van die toetse gaan bepaal wie die 20 leerders is wie deurgaan na die uitspel-rondte ,

ook in die klasse. Die 15 bestes van elke graad gaan die Maandag, 22 Mei, uitspel om die top 5 spellers in elke graad te bepaal.

LEEUWENHOF AKADEMIE: LOOPBAANDAG VIR GRAAD 6 EN 7 LEERDERS

- Verskeie tersiêre instansies besoek die skool. (25 Instansies)
- 17 Mei HS-saal
- 9:00-11:00
- Ons leerders besoek die uitstallings tydens pouse

Ouers is welkom om die uitstallings by te woon.

SPORT

EMILE PRETORIUS

Baie geluk aan Emile wat gekies is vir die Goue Leeus 0/12 rugbyspan. Ons is baie trots op hom en wens hom alle sterkte toe vir die oefeninge, wedstryde en toernooi wat eersdaags plaasvind.

NETBALLIGA

SPAN	LEEUWENHOF	ST. DUNSTANS
0/10 A	16	1
0/10 B	19	0
0/11 A	25	5
0/11 B	8	11
0/12 A	8	9
0/12 B	25	0
0/13 A	17	14
0/13 B	21	4

Baie geluk aan ons netbalspanne wat goeie netbal speel. Hou so aan!

RUGBYLIGA

SPAN	LEEUWENHOF	DALMONDEOR
0/9	28	5
0/10	19	5
0/11	15	0
2 des	19	19
1 stes	28	36

Baie geluk aan ons rugbyspanne wat mooi rugby speel en vir die seuns wat nooit moed opgee nie.

Spesiale vermelding van ons 2 de span wat 19 -0 agter was en teruggeveg het om die wedstryd gelykop te eindig.

MINI – NETBALTOERNOOI VIR 0/9
Hierdie toernooi kon Vrydag nie plaasvind nie as gevolg van reën en swaar weersomstandighede.

WELPIERUGBY BY L/SKOOL OOSTERKRUIN
Hierdie toernooi kon Saterdag nie plaasvind nie as gevolg van reën en swaar weersomstandighede.

Geniet ‘n paar foto's van ons vorige toernooi. Dankie aan Yolande Kotze wat vir ons geneem het:

SKAAKTOERNOOI VIR INDIVIDUELE SPELERS
Op 13 Mei was daar 4 skaakspelers wat deelgeneem het aan die individuele skaaktoernooi.

- Conrad Ahrens
- Zachary Collier
- Noah Collier
- Jade Kruger

Drie van die vier kinders het span gekry en deurgedring na die volgende rondte.
Baie geluk aan Zachary Collier, Noah Collier en Jade Kruger wat eerskomende Vrydag gaan deelneem aan die volgende rondte.

Conrad

Noah

Zachary

Jade

Die skaakuitslae teen Laerskool Die President is soos volg:

- 0/11 wen11 -1
- 0/13 wen 11 – 1
- Dogters 0/13 wen 11 – 1
- 0/9 wen 9,5 – 2,5

Baie geluk aan die wenspanne.

KULTUUR
KOOROPTREDE BY SILVER STAR CASINO
Die optrede by Silver Star Casino op Maandag 8 Mei, was ‘n geweldige hoogtepunt vir Leeuwenhof koorlede. Ons het met groot opgewondenheid daarheen vertrek en dit was ‘n eer vir ons koor om deel te kon wees van die Kyk Net, Sing in Harmonie kompetisie.

Ons leerders het pragtig gelyk, hul koordissipline was puik en die beoordelaars het net mooi dinge van die koor te sê gehad, onder andere dat ons koor se intonasie puik is en dat ons klank suiwer is. Die kompetisie was sterk en ons het meegeding teen skole wat al verskeie kere aan hierdie kompetisie deelgeneem het.

Ons het ongelukkig nie deurgedring na die finaal nie, maar ons kan met die uitsending nog met SMS stem vir ons skool, om as ‘n kyker-gunsteling deur te gaan. ‘n Baie groot dankie aan elke koorlid, ouer en personeel vir jul bydrae om van hierdie opname ‘n sukses te maak.

BRULJANT REDAKSIE 2017

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot ons Bruljantredaksie:

Clareze Gerber	Karla Currin	Chené Erasmus

Celia Janse van Rensburg	Carl Janse van Rensburg	Tanziné Vlok
Taylor de Vaal	Diaan Beeslaar	Hannah Raats
Cezanne Brits	Luané Loggenberg	

SPOGHOEKIE
NETBALPRESTASIES BY ONS HOëRSKOOL
Baie geluk aan die volgende speelsters wat gekies is vir die GSS provinsiale netbalspanne.

Ons is baie trots op hierdie baie besonderse prestasies:

- Kayla Visser – 0/18
- Lené van Deventer – 0/18
- Zandria Smalberger – 0/15

AANBIEDING VAN AMBASSADEURSAANDE
Ontvang aangehegte inligting i.v.m.die aanbieding van ambassadeursaande in Heidelberg en Vereeniging.

SUID-AFRIKAANSE KAMPIOENSKAPPE VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE 2017
Baie geluk aan ons skool se leerders wat pragtig presteer het tydens hierdie kompetisie. Ons is baie trots op elkeen.

Sien die prestasies aangeheg aan hierdie nuusbrief

BUITESKOOL PRESTASIES

GRAAD	NAAM VAN LEERDER	PRESTASIE BEHAAL
2	Sienna Schutte	• **TEATRO ARTI KUNSWEDSTRYD:** - Drama itemwenner - Redenaars - Voorbereide lees - Prepared reading Baie geluk!
3	Scarlett Schutte	• Sy behaal die volgende. - Arnold Classic Africa 2017 - 1ste 11/Under Jazz and Modern Master Section 1st 11/Under Showdance Master Section. • **TEATRO ARTI KUNSWEDSTRYD** Drama item wenners: - Public Speaking - Unprepared reading - Voorbereide lees

BELANGRIKE DATUMS

16 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
	Umalusi se besoek
17 Mei	Gewyde sang
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse
	Loopbaanskou vir gr. 6 en 7 by H/s tydens pouses
	Rugbyliga vs Generaal Alberts(Tuis) – 0/9 tot 0/13
18 Mei	Wêreldkennis olimpiade vir gr. 6 en 7 leerders om 07:45
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse

18 Mei	Netballiga vs St. Dominics
	Alberton Ambassadeursaand
19 Mei	**AFRIKAANS TERMYNTOETS: GR. 4 TOT 7**
	WOW Spelfees: Uitdunne in klasse
	Mini-netbaltoernooi vir 0/9 by Leeupark
20 Mei	Welpierugby by L/S MW de Wet vir 0/6 tot 0/8(Verskuif van L/S Randhart na L/S MW de Wet)
22 Mei	Skaakliga vir o/9, o/11 en o/13 spanne
	WOW Spelfees: Finale in Laerskoolsaal
23 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
	Vereeniging Ambassadeursaand
24 Mei	Rugbyliga vs Jan Celliers(Weg) – 0/9 tot 0/13
25 Mei	**HEMELVAARTDIENS om 08:00**
	Netballiga vs St. Catherines
26 Mei	**ENGELS TERMYNTOETS: GR. 4 TOT 7**
27 Mei	Welpierugby by Leeuwenhof Akademie: Laerskool se velde
29 Mei	Afrikaanse week begin
	Skaakliga vir 0/9, 0/11 en 0/13 spanne
30 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
31 Mei	Gewyde sang
31 Mei	Rugby vs L/S Christiaan de Wet
	Heidelberg Ambassadeursaand
1 Junie	Oueraand met gr. 6 ouers om 18:30: Geslagsvoorligting
	Netbal vs Sacred Heart
2 Junie	**GS TERMYNTOETS: GR. 4 TOT 7**
5 Junie	Skaak: Streeksliga
6 Junie	Akademiese ondersteuning 07:30
	Geslagsvoorligting vir gr. 6 leerders
	Rugby vs Orchards

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr T de Villiers	thysv@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL